# 28 November 2023 - Lesing 187 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Uitstorting van die gees: Wat word vereis? – 10/2/61

**NO: 7822** Die uitstorting van die Gees verg **bepaalde voorwaardes wat vervul moet word**, want My Gees kan Homself slegs uitstort in 'n **geopende houer, wat so voorberei is dat My Gees daarin kan stroom**.

En hierdie toebereiding vra weer 'n siele-arbeid wat die mens aan homself moes voltrek het, of ook: **Die mens moet vir Myself 'n woonplek voorberei het**, omdat My teenwoordigheid onvoorwaardelik nodig is om My te kan uiter deur My Gees.

Die Geesvonk sluimer wel in elke mens, **maar hy moet tot lewe gewek word**, die verbinding met die Vadergees van ewigheid moet tot stand gebring word - sodat hy homself dan ook kan uiter.

En die verbinding word tot stand gebring, die Geesvonk word tot lewe gewek, as die mens in liefde leef, as hy deur werke van liefde Myself, Wie die liefde is, na homself trek.

Die mens moet sy siel deur die liefde reinig **van alle omhulsels wat vir die lig ondeurdringbaar is**, dan bring hy homself in gereedheid. Hy maak homself tot 'n **opnamehouer** van die goddelike Gees.

Hy vervul die voorwaardes wat 'n uitstorting van die Gees tot gevolg het. En hy moet glo dat My Gees Homself oor hom uitstort, dat die Vader Homself teenoor Sy kind wil en kan uiter.

En hy sal slegs glo as hy homself tot liefde gevorm het, want eers as hy aan die werksaamheid van My Gees in hom glo, sal hy ook innerlik luister om te hoor wat hierdie Gees vir hom oorbring.

Solank die geloof ontbreek, sal hy nooit van 'n gawe van die Gees kan spreek nie. Hy sal eenvoudig nie die sluimerende kragte in homself kan wek nie en dus sal hy homself ook nie kan uiter nie, hoewel sy in hom is.

**Die liefde sal weliswaar spoedig sy denke verlig**, om welke rede 'n **liefdevolle mens** ook spoedig tot geloof kan kom as sy strewe geestelik gerig is, as hy sy bes doen om volgens My Wil te lewe.

Dog My Gees dring Homself nooit op nie. Nooit sal 'n mens die stem van My Gees verneem wat nie bewustelik die verbinding met My tot stand gebring het **om My te hoor nie**. Want die innerlike luister is nodig, as hy My wil verneem en onderrig vol van wysheid in ontvangs wil neem, wat slegs deur die Gees uit My aan hom oorgebring kan word.

Juis die geloof in die werksaamheid van My Gees het by die mense verlore gegaan, sodat hulle heeltemal ongelowig staan teenoor 'n baie natuurlike gebeurtenis, **dat die mense slegs aan My groot liefde sou moet bewys**, hoewel Ekself aan hulle die belofte gegee het om by die mense te bly en hulle in alle waarheid binne te lei.

Hulle begryp hierdie belofte nie, anders sou hulle daarin geglo het en aan My Woord, wat hul van bo af toeklink, of wat deur My bodes na hulle toe gebring word, 'n groter betekenis toeken.

My Gees het slegs 'n opnamehouer nodig wat voorberei is, sodat Hy Homself daarin kan uitstort. Maar dan laat Hy ook merk om daar te wees, Hy spreek tot julle soos wat 'n Vader tot Sy kinders spreek en Hy sal julle altyd opheldering gee, - as julle geestelik deur Hom onderrig wil word.

Maar Hy kan Homself nie uiter **waar liefde en geloof ontbreek nie, waar die mens nog nie die arbeid aan sy siel verrig het nie**, dat hy homself tot liefde omvorm het en reeds vry is van alle onreinhede en afvalstowwe van sy siel.

Want Ek kan slegs My intrek neem in **'n rein hart wat met liefde vervul is** en watMy teenwoordigheid kan verdra. Waar hierdie voorwaardes egter aanwesig is, daar vertoef Ek en Ek laat ook My teenwoordigheid sien. **Ek giet My Gees uit oor alle vlees**.

Ek onderrig en troos, Ek lei die mense in die waarheid in, Ek sal by hulle bly tot aan die einde van die wêreld. Amein.

Johannes 16:

*13 Maar wanneer Sy gekom het, **die Gees van die Waarheid,** sal Sy julle in die hele Waarheid lei; want Sy sal nie uit Haarself spreek nie, maar alles wat Sy hoor, sal Sy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. [Odes van Salomo 3:10; JeHôWganan 14:26]*

*14 **Sy sal My vereer**, omdat Sy dit sal neem uit wat aan My behoort, **en aan julle verkondig**.*

*15 Alles wat die VADER het, is Myne; daarom het Ek gesê dat Sy dit sal neem uit **wat aan My behoort**, en aan julle verkondig.*